KAMMANUUS

Nommer 330 4 Junie 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Waar is julle stories oor diere en hul maniere?

Julle sal onthou ek het onlangs vertel van Nuirsie Du Toit se African Grey, CJ, en sy manewales. Sy laat weet hy was weer onlangs op sy stukke: "Gistermiddag het die ou van Dell aan my laptop kom werk. Kort nadat ek klaar gestofsuig het in die sitkamer, laat val die ou sy pen op die vloer... sal die papegaai nie afhak en raas 'Ag nee man - jy't gemors!' nie!

"Daar raak die arme man in 'n argument met die meneertjie betrokke. Hy vertel vir CJ dat hy net die pen laat val het en beslis NIE gemors het nie, waarop CJ die pen soooo sit en kyk en volhou - 'Jy HET gemors!'

"Eers nadat die pen terug op die tafel gesit is, het hy laat vaar.

"Nadat die poging om die oorle neukenaar weer in 'n rekenaar te omskep misluk het, tel die ou sy sak en sleutels op waarop CJ blitsig groet met 'n 'OK, baaaaaaaaaai!' Maar hy word heeltemal geïgnoreer terwyl die man en my seun, Geoffrey, geselsend by die deur uitstap. Die stilte was nie lank nie, toe kom hy uit met 'A nee a, waar's jou maniere?' Die ou kon nie anders as om te lag en toe maar te groet nie."

Nou ja julle, ek is seker daar is nog baie van ons lesers wat so 'n dieredingetjie of twee in julle lewens het met unieke eienskappe en maniere wat julle graag met ander sal deel. Al wat dit kort is 'n kort briefie met net so 'n paar sinnetjies soos byvoorbeeld: "My kanarie is naam is Kanarotti en sodra ons die TV aansit, begin meneertjie luidkeels meeding met enige musiek of singery wat opkom. Partykeer sing hy so begeesterd dat ons die kombuisdeur moet toemaak as ons wil hoor wat aangaan op die TV."

Of wat van stukkies onthou soos my oorle Dobermann, Sheba, wat so maklik kon tande uitpak as ek haar skerp sou vra: "Wat lag jy?" Mense het natuurlik geglo sy knor eintlik vir my, maar ek het geweet dis uit pure verleentheid omdat haar baas met haar raas, dat sy so 'glimlag'.

Ek onthou so lekker die manier van mêddem om so ewe grênd soos 'n mens langs my in die bakkie te sit en dan weier om plek te maak as iemand anders wil inklim. Eers wanneer ek sê: "Skuif op!" , sal sy my so 'n beskuldigende kyk gee en dan traag na die middel toe skuif. Ook nie voor sy nie eers baie aspris die indringer so 'n nat kamma welkom-lek deur die gesig gegee het nie. Sy het goed geweet hoe haat ek dit as sy aan 'n mens lek.

Baie van ons se regte kinders is reeds uit die huis uit en moet ons dieremaatjies maar sterk instaan vir 'n ekstra asempie in die huis. So wys hulle jy waardeer hulle. Gaan kam jou kostelike kat, was jou woelige worsie, bederf jou beste budgie of pamperlang jou pienk papegaai. En deel jou diere se maniere met ons, stuur jou storie aan pos@onsdorp.com

So met die wegloop, n lekker ou Kaapse grappie vir my aantog Slaapstad toe volgende week. Kamermaatjie is steeds daar en ek land die 7de.

Dit is Saterdag en op die Kaapse Parade is die tafels propvol en dit koop en verkoop vir die vale. Van iewers af dreun 'n prediker se waarskuwende stem oor die omstanders se koppe:
"Djulle moet djulle bekier! Djulle moet djulle se verkeerdigheide lat staan! En as djulle nie wil lyster nie, sal djulle hel toe gan! En die hel, sê ek vir djulle, is 'n vrieslike plek. Die Woord sê daar sal 'n geween wees en 'n gekners van tanne!"

Iemand lag en die prediker kyk stip in sy rigting. "En djy met die hasbek dar annerkant - die manne wat nie tanne hetie - vir djulle sal tanne ge-supplaai word! Maar kners sal djulle kners!"

Groete tot volgende keer!

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Stygende Pryse

Wie van julle onthou die pryse van tien jaar gelede? Kyk hoe dit gestyg het!

IWISA MIELIEMEEL 2,5 kg
R5,59 tot R17,49
213%

RICOFFY 750 g
R21,99 tot R63,99
191%

COKE BLIKKIES 6 pak
R13,95 tot R37,99
172%

LAYS SKYFIES 125 g
R4,75 tot R11,99
152%

CASTLE BIER per 24
R58,95 tot R144,95
146%

DRIEKAMER HUIS (Nuweland)
Dubbel motorhuis, swembad.
Maandhuur R7,590 tot R15,000
98%

FORD IKON
R95,790 tot R158,900
66%

(Bron: Finweek)

KENNISGEWING IN RESTOURANT

Ons is lief vir kinders, maar hou hulle asb. by jou tafel. Kinders wat rondloop sal 'n skoot Espresso en 'n babahondjie present kry.

Idiote in aksie (4)

'n Britse koerant het sy lesers gevra om idiotiese gebeure in te stuur. Hier is nog een van hulle:

Ek was besig om op Luton-lughawe in te bespreek toe die beampte vra of daar enigiets in my bagasie is waarvan ek nie weet nie.

"As dit sonder my wete ingesit is, hoe sal ek daarvan kennis dra?"

Waarop hy toe antwoord:
"Dis hoekom ons die vraag vra."

Poolse gesegdes

- As die vrou van die wa afklim, trek die perde makliker.
- Sonder werk sal daar geen aandete wees nie.
- Waar die duiwel nie kan gaan nie, stuur hy 'n vrou.
- 'n Mooi mens lyk in enige klere mooi.
- In Rusland moet jy dinge doen, in Pole doen jy wat jy wil.
- Enigiets wat gratis is, is die geld werd wat jy daarvoor betaal het.
- Mense wat vuur met vuur beveg word gewoonlik as.
- Enigeen mag onnosel wees, maar party mense misbruik die voorreg.

Ons het eenvoudig nie die
KAPITAAL
sodat ons
KAPITALISME
kan ondersteun nie

Slim mense het gesê

Waar begin 'n gesin? Dit begin wanneer 'n jong man verlief raak op 'n meisie. Daar is nog nie 'n beter manier ontdek nie. **- Winston Churchill**

Ek het my eerste meisie gesoen en my eerste sigaret op dieselfde dag gerook. Sedertdien het ek nog nooit tyd vir tabak gehad nie. **- Arturo Toscanini**

Die verskil tussen 'n demokrasie en 'n diktatorskap is in 'n demokrasie stem jy eers voordat jy bevele uitvoer. In 'n diktatorskap mors jy jou tyd deur te stem. **- Charles Bukowski.**

Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Die Springbok en die kondome

FEIT

DIE 1981-rugbytoer van Wynand Claassen se Springbokke in Nieu-Seeland was 'n veelbewoë een. Betogers het hoogty gevier, van die wedstryde is gekanselleer en die toer het met die veelbesproke Meelbomtoets geëndig.

Maar daar was ook ligter oomblikke op die toer. Soos die een toe 'n paar Springbokke op pad veld toe was. Hulle doen toe by 'n apteek aan omdat die groot slot Louis Moolman en een of twee ander spelers 'n bietjie verkouerig gevoel het.

Die apteker was 'n vrou, en so met die rondstanery sê hulle vir Louis hy moet sommer ook vir 'n pakkie Durex vra. Louis het gedink dis ook verkouepille, en die res van die storie het só verloop:

Apteker: "Do you want a 3-pack or a 12-pack?"

Moolman, wat omdraai na die groep: "*Boys*, hoeveel is ons? Make it a 12-pack."
Die vrou gee die pakkie aan en Louis, wat gedink het dis verkouepille. Hy wou weet wat die dosis is, en dis hoekom hy toe vra: "And how do you use it?"

Die Meelbomtoets self het ook – agterna gesien - sy ligte oomblik gehad. Toe Gary Knight met 'n meelbom teen die kop getref is en die noodhulpmanne hom te hulp snel, het die skeidsregter gepleit: "For heaven's sake don't poor water over him, he'll end up battered."

••Dieselfde skeidsregter het die Meelbomtoets laat aangaan totdat hy 'n strafskop naby die pale vir die All Blacks kon bedink. Dit was oor en die Bokke het die toets met 22-25 en die reeks 1-2 verloor.

Erg, erger, ergste

FEIT

HOEDSPRUIT se militêre mediese sentrum bedien 11 000 mense sonder 'n ambulans en voldoende medisyne en toerusting.

Die laaste van die sentrum se vier ambulanse het onlangs die gees gegee. Lugmagtegnici het dié nou só herstel dat hy darem in 'n noodgeval teen so 80 km/h kan voortkruie. Van die rekrute wat tydens opleiding seergekry het, moes al met 'n kruiwa na die sentrum gestoot word.

Verlede week moes 'n lugmaglid met bors-pyne agterop 'n bakkie aangery word. Weens 'n algehele gebrek aan bloeddruktoestelle of EKG-masjiene kan haas geen noodgeval behoorlike behandeling in die sentrum kry nie.

In Januarie het swaar reënneerslae veroorsaak dat die basis oorstroom is. Dié ramp het die mediese situasie kritiek gemaak.

Die modderige water is in 'n noodgeval in een van die radiologiese masjiene gebruik. Dit het die masjien sodanig beskadig dat die hele radiologie-afdeling gesluit is. Daar is ook 'n tekort aan steriele water, waarsonder antibiotika nie in die apteek gemeng kan word nie.

Die jong Ierse prostituut

FIKSIE

DIE Ierse dogter was 'n jaar lank van die huis weg. Met haar terugkoms wou haar pa weet waar sy was - hoekom sy nooit geskryf of gebel het nie. Weet sy nie van die hel wat haar ma moes deurmaak nie?
Die meisie het gehuil. "Snuif . . . snuiif . . . pa . . . ek het 'n prostituut geword . . ."
"O nè? Gee pad, jou skaamtelose slet! Sondaar! Jy is 'n verleentheid vir hierdie Katolieke familie!
"Oukei, pa - nes pa wil. Maar ek het teruggekom om vir ma hierdie pelsjas te gee, die titelregte op 'n herehuis met tien slaapkamers en 'n spaarsertifikaat vir £5 miljoen.
"Vir my boetie, hierdie goue Rolex. En vir pa hierdie afslaankap Mercedes wat hier buite staan. En lidmaatskap van die buiteklub en . . . en sy haal diep asem . . . 'n uitnodiging aan julle almal om Oujaarsdag op my nuwe seiljag in die Riviera deur te bring en . . . "
"Sê weer, wat is dit wat jy geword het?"
Die meisie het weer begin huil. "Snuif . . . 'n prostituut, pa!"
"Liewe hemel my kind, amper gee jy jou vader 'n hartaanval. Ek dog jy sê Protestant. Kom hier, en gee jou ou vader 'n druk en 'n soen!"

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com

Amerika se presidentsvrou

Drie van Suid-Afrika se vier

JAPANNESE EGPAAR GESELS

Hierdie is 'n baie sentimentele storie van 'n Japannese egpaar wat weens hul besige leefstyl verskeie argumente gehad het. By een so 'n geleentheid raak hulle aan die gesels.

Volg die gesprek en kyk wat aan die einde gebeur:

Man: "Sukitaki."

Vrou: "Kowanini!"

Man: "Toka a anji rodi roumi yakoo!"

Vrou, pleitend op haar knieë:
"Mimi nakoundinda tinkouji!!!"

Man, boos: "Na miaou kina tim kouji!"

En hier sit jy en lees al die snert, nes een wat Japannees verstaan!

TWEE NETBALSPANNE

Twee netbalspanne - die een vol blondines, die ander een net bruinkoppe - huur 'n dubbeldekker-bus vir 'n toernooi in 'n ander stad.

Die blondines reis op die bodek, die bruinkoppe onder.

Die bruinkoppe het 'n fees van 'n tyd op die onderdek, toe een besluit sy wil gaan loer hoe dit met die blondines op die bodek gaan.

Toe sy daar kom, sien sy al die blondines sit met verstarde oë, besig om die sitplekke voor hulle met wit kneukels vas te gryp.

"Wat gaan hier aan?" vra sy. "Ons is besig om ons gate uit te geniet op die onderste dek!"

"Ja," antwoord een van die blondines. "Maar onthou, julle het 'n busbestuurder!"

GEBOORTE

'n Engelssprekende vrou gee geboorte. Sy vra die blonde Afrikaanse suster aan diens:
"Is it a boy?"
Suster: "Nee, mevrou, dit is 'n wit kind."

GEBED VAN 'N BOER

'n Boer raak vreeslik kwaad vir een van sy werkers. Hy sê vir sy vrou hy is en is sommer lus en klap hom onderstebo.
Sy vrou sê hy moet hom nie so vererg vir die werker nie, hy moet eerder oor die saak bid.

Die aand loop sy vrou verby hulle kamer, en hoor hoe die boer bid:

". . . Vader, en in verband met Johannes, gaan U hom kom haal, of moet ek hom vir U stuur?"

(Van Rita van Lill)

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

Duskantlanders in Anderkantland

China, waar neuskrap die nasionale tydverdryf is

LIEB EN MIES LIEBENBERG – julle onthou dalk nog hul gereelde briewe in Kammanuus - keer eersdaags uit China terug en skryf vir oulaas oor dié ver land en sy vreemde gewoontes

Die dae gaan nou vinnig verby en daar is nog net 40 dae vir ons oor in China! Hoe sing Cliff Richard? "I am gonna give you forty days to get back…"

Dit voel vreemd as ons daaraan dink dat sommige van die dinge wat ons doen, die laaste keer is of was hier in China. Ons het op `n manier baie lief geraak vir hierdie land en sy mense, en in ander opsigte kan ons nie wag om hier weg te kom nie.

Wat ons steeds die meeste vang is die mans se lang vingernaels, veral duim en pinkie, om makliker in hulle neuse te grou en daai hardnekkige stukkies uit te kry.

Die alewige keelskoonmaak en spoegery daarna sal ons verkieslik nooit weer wil sien of hoor nie en sommige se selfgesentreerdheid in hulle eie klein wêreldjie maak ons ook siek.

Verlede week terwyl ek per bus inry stad het die verkeer baie opgehoop en die motors en busse moes met moeite verby 'n swart Honda skuur wat doodstil op die snelweg staan! Weet julle wat was die bestuurder besig om te doen? Met sy selfoon besig om 'n boodskap te tik en toe te stuur!

Chinese weet nie van om in 'n ry te staan en hul beurt af te wag nie – hulle druk orals in en is stom verbaas as jy hulle daarop wys.

Hy het op sy tyd klaargemaak, sy kar in rat gesit en toe verder gery! Die verkeer het toe sowat 'n kilometer ver opgedam! Wens tog so hier was 'n paar jong Boerseuns wat die ou 'n les wou kom leer . . .

Ons is ook moeg vir mense wat baie hard praat op hul selfone in busse, strate, restaurante, treine en bioskoopsale. As die gesprekke net kort was, kon mens dit dalk hanteer, maar sommige van die outjies praat sommer 'n halfuur aanmekaar.

Chinese weet nie van om in 'n ry te staan en hulbeurt af te wag nie – hulle druk orals in en is stom verbaas as jy hulle daarop wys. Kan nie glo dat 'n mens so toe-oog deur die lewe kan gaan nie.

Ek het verlede week 'n paar goedjies by die hoekwinkel gaan koop. Daar is 'n nuwe kassiere en toe ek wou betaal, was sy so besig om in haar neus te grou dat ek maar moes wag vir haar om klaar te maak. Het darem gekyk dat sy niks afsmeer aan my plastieksakkie nie.

Maar, gelukkig is daar darem altyd 'n maar. As 'n mens verby dit wat jou irriteer kan verbykyk, dan sien jy Chinese wat omgee, studente wat goedgemanierd is en hard werk en graag 'n sukses van hulle lewens wil maak.

Om suksesvol in China te wees moet jy meeding met 1.3 miljard ander mense, en dit is nie maklik nie. Gelukkig het ek en Mies meestal met laasgenoemde groep te doen gekry en dit het ons tyd hier in China die moeite werd gemaak.

Daar is darem nog so paar weke oor en ons sal julle op hoogte hou van ons vordering met die pakkery.

Ons sien nou net uit na ons vriende van Struisbaai wat volgende week vir ons kom kuier! Dit is hulle vyfde of sesde kuier in China en die vierde keer dat hulle by ons kom kuier. Dit is en was altyd ons hoogtepunt wanneer vriende hier kom kuier het en ons glo dat China op 'n manier ook in hulle harte gekruip het.

SKOT SE LAASTE WENS

Die ou Skot was besig om te sterf nadat hy baie lank in 'n veraf land gewoon het.
Hy het sy dokter gebel en een laaste guns gebedel: Hy wil doedelsakmusiek nog een keer hoor voordat hy sterf.
Die musikant is ontbied en het heelnag in die hospitaalgang op en af gestap en gespeel.
Die volgende oggend was die Skot so gesond dat hy opgestaan, aangetrek en huis toe gegaan het.
Al die ander pasiënte was dood.

Die wonder van tegnologie

MARNUS HATTINGH
se storie oor
Oom Tom Naudé
se treinreis.

Oom Tom Naudé?

Weinig van vandag se mense sal weet wie Oom Tom Naudé was.

Diegene in Pietersburg sal weet daar is 'n hoërskool met sy naam, of hulle egter weet wie hy was, wat hy gedoen het en wanneer hy geleef het, twyfel ek sterk. Die huidige geslag se kennis van ons volkie se geskiedenis is maar redelik vrot.

Oom Tom het ek slegs een maal ontmoet. Nogal uitgenooi na sy ampswoning in Pretoria vir 'n ete op 'n Sondag! Bygesê, saam met my ouers. 'n Plekkaartjie met my naam 'Marius' dui my sitplek aan by die eetkamertafel. Ek het nou nog die kaartjie. 'n 'Grend affere was die ete!

Sien, die ding het só gewerk:

My oupa aan my ma se kant was persoonlike vriende van Oom Tom. Oupa Vogel het in die omgewing geboer, en Pietersburg was nie juis in daardie dae die grootste plek in die ou Transvaal nie. Almal het almal geken.

My ma het by die Naudé's geloseer toe sy op hoërskool was. Dit was in die 1920's.

Oom Tom was die parlementslid vir Pietersburg. Skynbaar vir baie jare. Hy was later ook ambassadeur in Engeland.

Dat hy baie vir die Pietersburgers gedoen het, staan soos 'n paal bo water.

Destyds het mense baie trein gery. Veral met die parlementsitting, het baie parlementariërs met die stoomperd Kaap toe gegaan.

So gebeur dit dat Oom Tom weer op pad is Kaapstad toe.

Iewers halfpad tussen Bloemfontein en Kaapstad gaan Oom Tom na die eetwa. Die plek was baie vol en 'n man vra vir Oom Tom of dit moontlik is om 'n tafel te deel. Jintelman wat hy was, se hy met graagte.

Die trein stoom voort. Dit gaan goed met die eetgoed asook die gesprek.

Op 'n vraag van die man waarheen Oom Tom op reis is, sê hy Kaapstad toe vir die parlementsitting.

Die man was erg verbaas om dit te hoor. "Is die tegnologie van vandag nie wonderlik nie!", sê hy vir Oom Tom. "Om te dink dat ek wat by Bloemfontein opgeklim het en op pad Pretoria toe is, en dat Oom Tom wat op pad Kaapstad toe is, op dieselfde trein ry!"

STAMBOOM

BARNARD 100percent@iafrica.com
Barnards van Rustenburg.

BRIEL hsbriel@gmail.com
Ek soek inligting oor die Briel-famllie.Voorouer: Johan Michiel Briel gebore ? getroud in Stellenbosch 18.11.1810 met Sara Jacoba Lautenbach. Waarskynlik stamvader uit Duitsland. Sy nasate is Johannes Hendrik, Rudolph Marthinus en Johan Michiel Briel.

COETZEE laverne.coetzee@gmail.com
My ouma aan my pa se kant is Pieternella Sagarya Faasen - gebore 1942 (Dogter van Niclaas Faasen en Herculina Frederika Coetzee). Ouma- en oupagrootjie: Niclaas Faasen (Seun van Pieter Andreas Johannes Faasen en Maria Sophia Stoltz). Herculina Frederika Coetzee (Dogter van Herculaas Frederik Coetzee 1875 en Petronella Zagryja Van Niekerk).
My man - Ruan Coetzee. Ouers: Andre Coetzee - gebore 1952 (Seun van Frederik Johannes Coetzee 1928 - 2003 en Cornelia Hendriena Hagen)en Annelie Petro Taute Ouma/Oupa: Frederik Johannes Coetzee (Seun van Willem Hendrik Erasmus Coetzee en ??) en Cornelia Hendriena Hagen Ouma- en oupagrootjie: Willem Hendrik Erasmus Coetzee (Seun van Frederik Johannes Coetzee en ??). Dit is al die inligting wat ek het. Ek wil graag weet waar my en my man se familie gekonnekteer is (die Coetzee-familielyn) en hoe ons gekonnekteer is aan die Coetzee stamvader.

NOG STAMBOOM ONDERKANT AGTEROS

Deel 20

Orion red vlieënier wat verdwaal

DIRK BOSHOFF

vertel in sy reeks oor die Grensoorlog hoe 'n vlieënier deur iemand se kennis van die sterre gered word.

Na die geslaagde Ops tree honderde soldate en ons wat deel gehad het aan die ops aan. Net die Recces is op hul eie missie en nie teenwoordig nie. Al die inligting word vir ons deur gegee.

Dit word Internasionale nuus en *Rapport* en andere bespiegel in die koerante van waar hulle dink die Ops geloods was. Sketse word op voorblaaie geteken, maar ons mag nie uitpraat nie. Later in die jaar – in die somer - doen twee vlieëniers 'n nagvlugoefening met hul MC2 Impala-vegvliegtuie. Dit is 'n warm aand en die lug is skoon. Die sterrehemel waak oor ons almal met sy blink kombers.

Die twee vlieëniers vlieg in verskillende rigtings. So 'n uur later daag net een op by Mpacha-lugmagbasis. Vir een of ander rede het die ander vlieënier ('n luitenant) se beligting en instrumenteonklaar geraak in sy kajuit. Daar was geen maan nie en buiten die sterlig was dit stikdonker.

Die vlieënier het 'n noodsein uitgestuur na ons basis. Hy kon nie sien of hy op of af vlieg nie. So ook nie die rigting waarheen hy vlieg nie. Die Caprivi is 'n dun strook in die noordweste van Suidwes-Afrika en omring deur al drie buurstate.

Ons skiet 2000 voet ligfakkels in die lug op. Die vlieënier is so ver weg verdwaal dat hy hulle nie eers kan sien nie. Vanweë ons onlangse Ops word al die ligte wat te sigbaar uit die lug is afgesit. Ons moet lanterns weerskante van die aanloopbaan plaas. Die vlieënier is in die moeilikheid en as ons hom nie terugkry nie kan hy afgeskiet word of sonder brandstof val.

Die tyd stap aan en gelukkig ken die ander vlieënier sy sterre en konstellasies. Hy laat die verdwaalde vlieënier met die konstellasie Orion suid draai nadat vasgestel is dat hy reeds meer as 100 km in Botswana ingevlieg het. Hy is nog nie deur hul radar opgetel nie, of die Botswana-lugmag is aan die slaap.

Ons bly ligfakkels opskiet totdat hy hulle uiteindelik sien. Nou moet hy tussen die lanterns land. Ons kon hoor hoe kom die vliegtuig in, maar so ongeveer tien meter bo-kant die grond gaan staan die Impala se enjins, maar sy momentum laat hom veilig land.

"Hy loop langs my verby en die trane loop langs sy wange af."

Die Impala kan nie sy staanplek bereik nie en word verder ingesleep na sy staanplek. Die luitenant loop langs my verby en trane van verligting loop langs sy wange af.

Dit wys 'n mens dat dit goed is om jou algemene kennis van die natuur te verbreed, jy weet nooit wanneer kan dit jou red nie. As dit nie vir die kennis van die ander vlieënier was nie sou hierdie man dalk gesterf het. Die sterre, Orion en die ander vlieënier het sy lewe gered.

Een aand teen so 19:30 het ons 'n vragvliegtuig gelaai en was besig om gereed te maak om te vertrek. Dit was 'n C-160 met een skroef laag aan elke kant. Die skroewe het gedraai en een van die vlieëniers het besluit hy wil seker maak dat die oprit agter toe is. Daar was te veel vrag op die vliegtuig en hy kon nie oor dit klim om te kyk of alles reg is agter nie. Terwyl die skroewe draai, besluit hy om in die misligte (geel kleur) van die lugmagbasis aan die binnekant van die romp en draaiende "skroewe deur te stap.

Reg voor drie van ons tref die vinnig draaiende skroef hom teen die regterskouer en gesig. Hy sterf op die toneel.

Ons word verwyder om nie die res te sien nie. Maar dit is te laat. Daar moet 'n minimum van twee vlieëniers wees en 'n ander een moet ingevlieg word van Grootfontein af. Die vliegtuig word met ure vertraag en nog 'n persoon sterf weens sy eie nalatigheid . . .

BLOUVITRIOEL IN DIE WEERMAG?

"Was daar regtig blouvitrioel in die weermag se tee?" vra Dana Snyman in sy rubriek. "Ja, antwoord 'n leser, "maar dit begin eers ná 30 jaar werk."

Hoeveel Ofrikôners prôt van strôndhuise en hul mô en pô?

Skryf 'n leser onlangs in Beeld:

Dit word nou 'n gewoonte van Afrikaanssprekendes in Gauteng om die "a" of "aa" in woorde te verander na "o" of "oo".

Byvoorbeeld sal "Maandagnag" iets word soos "Mondognog".

En "strandhuis" word iets baie leliks.

Dis so asof die spreker alle a's wil verrond tot o. So asof hulle te lui is om hul monde oop te maak en nog te praat van "maand", soos die Kapenaars maak.

Tot op die Afrikaanse radio- en televisiestasies hoor 'n mens al hoe meer dat aanbieders "skom rok" om 'n "a" te sê en dit liewers half toemond uitspreek.

Het ek nie bygebly by die Afrikaanse spreektaal nie?

Intussen raak ek geïrriteerd om elke dag na dié aansitters te luister.

Hul getalle neem toe, sê dr. Nerina Bosman, taalkundige van die Universiteit van Pretoria.

"Die taalverskynsel dat sommige Afrikaanssprekendes hul a- klanke oorrond sodat dit soos ô klink, is aan die uitbrei. Dit is nie meer tot Gauteng beperk nie en die verskynsel kom landwyd in 'n meerdere of mindere mate voor.

Volgens haar is daar 'n mite dat dié verskynsel aanvanklik by die Hoërskool Menlopark in Pretoria posgevat het, maar daar is geen bewyse daarvoor nie. Dis veral tieners en jongmense wat van "my mô en pô" praat, maar soos mense ouer word, raak dit minder opvallend.

Prof. Daan Wissing, taalkundige verbonde aan die Noordwes-Universiteit, sê die verskynsel, wat hy meen tien tot 20 jaar gelede al kop uitgesteek het, is baie natuurlik. Hy meen ook dit kan aan ouderdom gekoppel word en kom meestal by jong vrouesprekers in die noordelike dele van die land voor, maar deesdae ook in al die ander provinsies.

"Dit is beslis 'n verskynsel wat aan die toeneem is."

•• Praat hulle nie ook van "ack" pleks van "ek" nie? Is daar lesers van Kammanuus wat hierdie verskynsel ken of – vôder sy genôde! – ook so prôt? Wat dink julle? Skryf aan ons by pos@onsdorp.com

Die kalm oupa in die supermark

'n Vrou loop agter 'n oupa en sy kleinseun in die supermark en merk op die seuntjie is verskriklik stout. Die oupa het sy hande behoorlik vol, want die kind skree vir lekkers en gryp aan alles op die rakke.

Die oupa werk stelselmatig sy pad tussen die rakke deur en die vrou hoor hom in 'n beheerste toon sê: "Kalm bly Jannie, dis nie meer lank nie, wees net kalm."

Ná nóg 'n uitbarsting merk die oupa weer saggies op: "Dis oukei Jannie, dis oukei, nog net 'n paar minute dan is ons klaar, wees net rustig'"

By die betaalpunt gooi die laaitie die goed wild en wakker uit die trollie, en weer hoor die vrou hoe die oupa net stilweg onder sy stem se:

"Ontspan net Jannie, moet jou nie so ontstel nie, ons is oor 5 minute by die huis, bly nou net koel."

Die vrou is baie beïndruk met die oupa, en toe sy hom buite kry waar hy die inkopies in die kattebak laai, sê sy aan die omie:

"Dis niks met my te doen nie, maar ek wil darem net noem dat ek vreeslik beïndruk is deur oom se selfbeheersing. Maak nie saak hoe stout die karnallie was nie, het oom net sag gepraat en kalm gebly. Jannie is baie gelukkig om oupa soos oom te hê."

"Dankie," merk die oupa op, "maar ek is Jannie, die klein stront se naam is Kosie."

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Nog 'n resep vir SOUSKLUITJIES

1 k koekmeelblom
knippie sout
1 eier
2 t bakpoeier
2 groot e margarien/botter
⅓ k melk

Sous:
2 k kookwater
1 e margarien/botter
kaneelsuiker

Sif droë bestanddele saam.
Vryf margarien in tot mengsel soos broodkrummels lyk.
Klits eier en melk saam, roer by meelmengsel in en meng tot 'n sagte deeg. Voeg nog melk by indien nodig.
Verhit water en margarien tot kookpunt.
Skep lepelsvol deeg in kokende water. Sit deksel op en laat kook 15 minute.
Moenie deksel oplig terwyl kluitjies kook nie. Skep kluitjies met 'n gleuflepel uit in 'n diep opskepskottel.
Strooi kaneelsuiker oor.
Kook water waarin kluitjies gaar gemaak is weer. Voeg kaneelsuiker by en giet oor kluitjies.
Jy kan nog water byvoeg indien nodig.
Bedien warm.

Trooskos op sy beste!

POSKOETS

Kammanuus se lesers aan die woord

Skielik verlang ek baie . . .

Pieter Labuschagne:

Jislaaik Hennie, noudat ek ook begin afdraande loop, sien ek ook mos nou weer die waarde van jou mense waardeer. Jy weet, soos 20-30 jaar gelede in ons vaderland. Nieu-Seeland is 'n klein eiland met min mense en ons leef in mekaar se gatsakke. As drie van ons kinders omkom in 'n vreemde land, huil ons bymekaar net soos ons huil as 200 mense omkom in 'n aardbewing in 'n dorp net langsaan.
Ek wonder of ons nog huil in SA. Of ons nog ons bure (wil) ken. Of omgee as ons van nog 'n dood hoor? Ek hoop van harte daar is dalk 'n "ja" by al daardie vrae.
Hoekom verlang ek ewe skielik so verskriklik na ons mense, in ons land . . .

Hier masseer hulle lekker!

Piet, dié Blou Bul:

By die Sharq is daar 'n spa waar 'n dame jou masseer. Ek was ook moerse skepties toe Rene my eendag daar ingeboek het vir die Corporate De-stressing pakket vir manne. Dit was 3½ uur of so en dit was net lekker pamperlang sonder ander twak. Daar was twee verskillende dames wat baie profesioneel was. Was so QAR1350 of so iets. Ek kan dit hoogs aanbeveel.

En hier kan jy kaal loop!

Johann Mostert:

Lyk my dit gaan al lekkerder daar in die vreemde. Weet nie wie jou gaan streel in Hermanus nie - is dit nie net n oumensplek nie? Jy moet net nie vir Kamermaaitjie kwaad maak nie en veral nie "Yes! Yes!" sê as jy slaap nie!
Nou lyk dit vir my julle is nou so gatvol vir klere wat alles toemaak dat julle nou 'n kaalbasplek soek. Gehoor van VASNAT by Stellenbosch - lekker naby julle. Ook 'n lekker klub daar, WCNA.

Julle maak die lang week korter!

Hannah Wentzel:

Dankie, Hennerik vir jou getroue Kammanuus-aflewering propvol lag en fyn humorsin. Ai, ek het nou lekker gelag vir daai kaalgat baaiers en die BMW-man! Jy maak die l-a-n-g week wat voorlê sommer korter lyk!
Die winter begin nou erg kop uitsteek hier by ons, en dit het tyd geraak om die wolgoedjies uit te pak.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

"Die stok staan sekelnek en die ou se hande brand blase soos die vis loop, inkom, weer terugswem en weer inkom."

Die twee vissers het die hele jaar voorberei vir hul visvangweek aan die Noordkus – net hulle twee alleen, sonder die vrouens. Hulle het spesiale hengeltoerusting, visnette, klere en sonblokkers vir die vel, donkerbrille en die hele boksemdaais aangekoop en voorberei.

Die Vrydag breek toe uiteindelik aan en hulle vertrek alreeds vroegoggend om 04:00 uit Pretoria op pad see toe. Hulle het ook 'n tuisgemaakte draagbare vrieskassie vir die Cokiwyn (brandewyn-en-Coke, ook bekend as brandfyntjie en polisiekoffie) asook die groot biervoorraad saamgeneem.

Aangekom by hul bestemming, gaan koop hulle dan ook die nog ontbrekende nodige oes en aas vir die visvangkaperjolle wat Sondagoggend baie vroeg en nog steeds sterk donker van die rots af sou begin.

So trotseer hulle die elemente van see, wind en weer etlike dae lank, maar vang geen enkelte vis nie – net blaasoppies. Teen die Donderdagoggend sê hulle teleurgesteld vir mekaar as nie ten minste één van hulle voor middag 'n redelike vis uit die golwe uittrek nie, gaan hulle sommer nog dieselfde dag terug Pretstad toe.

So teen 'n slordige tienuur se kant is daar egter 'n geweldadige plukbyt aan een van die stokke en is albei vissermanne meteens nugter wakker en alkoholvry.

"Dis 'n bielie hierrie, ou Maat! Dis 'n bielie van 'n mielie hierrie!"

Die ander ou los sommer sy visstok en kom help om hierdie groot monster uit die golwe te kry. Die stok staan sekelnek en die ou se hande brand blase soos die vis loop, inkom, weer terugswem en weer inkom.

Sowat vyftig minute lank swoeg en sweet die kêrel bloed en alkohol om die gedrog uit die water te kry. Toe die vis begin nader kom vlakwater toe, gee die man die stok aan sy helpende maat en strompel haastig en val-val teen die rotse af om die die vis self met sy handskoene en stewige bonkige arms te omhels, sodat dit tog net nie dalk wegkom nie.

Uiteindelik val hy uitgeput met die 1,65 meter lange vis op die strand neer, maar klou dat dit bars, want hierrie ene GAAN NIE WEGKOM NIE. Groot was sy verbasing egter toe hy die vis uiteindelik oor sy skoot gooi en merk dat dit die mooiste en enigste meermin is wat hy nog ooit in sy lewe gesien het!

Hy is sommer meteens verlief op die beeldskone meermin met haar natblink lyf, druk haar teen sy bors vas en bevoel en streel haar van alle kante. Toe kyk hy weer mooi na die pragtige meisievis wat oor sy bene dwars uitgestrek lê, en gooi haar skeilik met een verontwaardige beweging terug in die see.

Sy vriend kyk hom skeef aan en skreeu verontwaardig:

"Jan, hoekom doen jy dit?!"

En Jan antwoord vies:

"Oukei Piet, sê jy vir my: Hoe de hel dóén ek dit?!"

Dis die einde van hierdie KAMMANUUS.
Sien julle weer op 18 JUNIE.

BLAAI AF VIR NOG STAMBOOM

STAMBOOM (vervolg)

LE ROUX carol.sas@cybersmart.co.za
Soek inligting oor die Botrivier-stamboom. GSP en afstammelinge.

LOTZ hettielotz@telkomsa.net
Getroud met Hendrik Jacobus Lotz, nooiensvan Rabie. Tans woonagtig in Bredasdorp.

MONG sandramong41@yahoo.com
Wil graag met ander met die van Mong in aanraking kom in Suid-Afrika.

NEL pietern@multotec.com
Soek na familie. My pa-hulle kom uit die Boesmanland. Daar was 'n plaas met die naam Koranakol. Sy neef Makkie Nel het daar geboer. Ek is op soek na al die broers en susters.

RUDMAN traceyblom@yahoo.com
Ek is op soek na my biologiese pa, Matthew Patrick Joseph Rudman.
My ma is Elizabeth Frances van der Merwe. Ek is Tracey en is gebore 26 September 1975 in Oos- Londen.

VAN DER LINDE f.est@lantic.net
Daniel Migiel van der Linde
Bloemfontein, Sannaspos , Reddersburg-omgewing. Pa was Christiaan Rudolph van der Linde.

VAN RHYN chalwileng@mweb.co.za
Ek soek meer inligiting oor die van Rhyns van Vanrhynsdorp. Hendrik Petrus van Rhyn neef van P.B. van Rhyn, stigter van Vanrhynsdorp.

VISSER geckomoo@gmail.com
Ek is op soek na enige familie van Soon Floris Visser, my oupa.